

20 Januarie 2019

# FAMILIE TUISBLAD



## 1 Korintiërs 12:1-11

### ons storie

Elkeen van ons het iets wat ons baie goed kan doen.

Soms is dit iets wat jy natuurlik goed doen omdat jy 'n talent het daarvoor. Ander kere is dit iets wat jy goed kan doen omdat jy dit al baie gedoen het en die vaardigheid ontwikkel het.

Is daar iets wat jy baie goed kan doen, beter as enige een van die ander mense in julle huis?

Deel met mekaar wat dit is... as iemand sukkel kan die ander mense in die huis hulle help met wat hulle dink dit is.

### ons nuwe storie

God gee vir elkeen wat Sy kind is 'n gawe.

Die gawe is 'n geskenk. Iets wat ons kan gebruik en geniet.

God wil hê dat ons die geskenke wat Hy vir ons gee sal deel.

Wanneer ons die geskenke deel sodat ander ook bevoordeel word daardeur is God baie tevrede.

Watter gawes het die mense in julle huis?

Op watter maniere kan julle dit gebruik sodat God se gemeente (kerk) ook daardeur bevoordeel kan word?

### GOD se storie

In die stad Korinte was daar 'n gemeente (kerk) aan wie Paulus wat hierdie boek skryf.

Hy wil hulle help om te verstaan:

- Waar hulle gawes vandaan kom (wie dit vir hulle gee).
- Hoekom hulle dit gekry het.
- Hoe hulle dit moet gebruik.

Lees gerus 1 Korintiërs 12:1-11.

Wie gee die gawes?

Watter mense kry hierdie gawes?

Wat is hulle veronderstel om daarmee te doen?

### Rituele en gewoontes

Ons gawes en talente is dalk iets waarvan ons hou en waarmee ons natuurlik goed is.

Dit kan nog meer ontwikkel word as ons dit oefen / gereeld gebruik.

Gee kans dat almal weer onthou waarmee hulle goed is / anders gestel watter gawes hulle het.

Dink aan praktiese maniere waarop julle in hierdie week julle gawes kan gebruik. By die:

- kerk
- skool
- werk
- buurt
- sportspan

